

HOOFSTUK III.

DIE INDIËRS WORD 'n PERMANENTE DEEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING. (1911-1938)

1. Na die verbod op immigrasie, en pogings tot repatriasie en kolonisasie, is die Unie gelaat met die Indiërs as 'n permanente deel van die Suid-Afrikaanse Bevolking.....

(a) Besoek van G.K. Gokhale aan Suid-Afrika, 1912.

Hierdie Indiese politikus is in 1912 uitgenooi na Suid-Afrika deur die Indiërgemeenskap.⁽¹⁾ Hy het verskillende onderhoude met die regering gehad waarin hy gepoog het om die Indiërs se griewe uit die weg te ruim. Hy het ook verskillende toesprake gehou en by een geleentheid verwys na die moontlikheid dat die regering simpatieke aandag sou skenk aan die verwydering van die £3 verblyfbelasting in Natal. Later is hy daarvan beskuldig dat hy die Indiërs die verskering gegee het dat die £3 belasting verwyder sou word.

Toe daar egter geen wetgewing in hierdie verband ingedien is nie en die regering boonop ontken het dat hy soiets belowe het, was die teleurstelling in Natal baie groot. As gevolg hiervan veral het Gandhi die passiewe weerstandsbeweging en stakings aan die gang gesit.⁽²⁾

(b) Die Immigrasiewet van 1913 plaas 'n verbod op die Immigrasie van Indiërs.....

In 1913 het die Unie-regering 'n immigrasiewet gepasseer wat van toepassing was op alle rasse en klasse. Niemand sou tot die Unie toegelaat word wat weens gebrek aan opvoeding nie 'n Europese taal kon lees en skrywe nie.

(1) Documents relating to the Indian Question; 7.
 (2) t.a.p.; 8 - 12.

Hierdie bepaling was veral van toepassing op Asiate aangesien Joods ook as 'n Europese taal beskou is. (1)

Die wet het verder bepaal dat elke persoon of klas van persone wat weens ekonomiese redes of met die oog op sy lewensstandaard of gewoontes, volgens die oordeel van die Minister nie aan die eise van die Unie of 'n bepaalde provinsie daarvan voldoen het nie, 'n verbode immigrant sou wees. Hierdie bepaling was prakties uitsluitlik toepaslik op Asiatiese landverhuisers. Van hierdie volmag is dan ook gebruik gemaak om die immigrasie van alle Asiatische belet, behalwe vrouens en jong kinders van gedomissileerde inwoners, en sekere klasse wat vroeër woonagtig was in die land en wat binne 3 jaar na die Unie terugkeer. (2)

In 1913 het die betrokke Minister alle Asiate ongeskik verklaar vir die vereistes van die Unie en in 1923 het die Hooggeregshof die wettige krag van hierdie proklamasie bevestig. (3)

Die wet het ook 3 appèlrade ingestel waarna persone kan appèlleer as hulle gereken het dat hulle veronreg is. Hierdie rade was te Pretoria, Durban en Kaapstad. (4) Verder is Asiate beperk tot die provinsies waarin hulle woonagtig is. (5)

Van Indiërkant is besware teen die immigrasiewette by die Minister ingehandig. (6)

(1) Botha: Die Arbeidsvraagstuk van Suid-Afrika; 236.

(2) t.a.p.; 236 - 237.

(3) t.a.p.; 237.

(4) Union of S.A.: Official Year Book 1910-1916, No, 1; 184.

(5) t.a.p.; 190.

(6) Indian Opinion; 23.2.34.

(c) Die Indiërs re-ageer met die passiewe weerstands-
bewegings en stakings.....

Besware teen die immigrasie Wet is o.a. ontvang van die "Natal Indian Congress," die Johannesburgse "British Indian Association" en van Gandhi. In sy brief van 30 Junie 1913 aan die Minister van binnelandse sake het Gandhi 4 besware ge-opper. Omdat hy en die Minister nie oor twee van hierdie besware kon ooreenkom nie het hy besluit om die stappe te doen wat gelei het tot die stakings en steurings. Op 28 September het hy aan die Minister meegedeel dat die stappe wat hy gaan doen "consists in actively, persistently and continually asking those who are liable to pay the £3 tax to decline to do so and to suffer the penalties for non-payment, and, what is more important, in asking those who are now serving under indentures and who will, therefore, be liable to pay then £3 tax on completion of the indentures to strike work until the tax is withdrawn." (1)

Die vyandige aktiwiteite het teen die middel van Oktober begin in die kool-area van Natal en het vinnig uitgebrei na suiker-, en ander plantasies, asook na industrië en dit het selfs huisbediendes ingesluit. Op 1 November het Gandhi met oor die 2000 stakers en hulle vrouens en kinders in die rigting van Transvaal marsjeer met die doel om die immigrasiewet van 1913 te oortree. Hulle het Transvaal by Volksrust binnegegaan op 6 November. Gandhi is op hierdie reis 3 keer gevang en uiteinde-lik tot 9 maande tronkstraf gevonniss.

'n Polisiemag is na die stakingsgebied gestuur onder generaal Lukin. By sommige plekke het die inhegtenisnэмings na botsings gelei met die gevolg dat 9 Indiërs gedood en 25 verwond is.

(1) Union of S.A.: Report of the Indian Enquiry Commission 1914; 10-12.

Volgens Natalse wet was die stakers skuldig aan kriminele oortredings. Teen 9 Desember was alles weer verby. ⁽¹⁾

Die Solomon-kommissie is hierna aangestel om die sake te ondersoek en aanbevelings te doen.

(d) Die verslag van die kommissie wat ondersoek ingestel het. 1914

Op hierdie kommissie is die Indiese regering deur Sir Benjamin Robertson verteenwoordig. In sy verslag (U.G. 16 van 1914) het die kommissie dit betreur dat die Indiers op advies van Gandhi geweier het om getuie af te lê. Gandhi het tot hierdie stap oorgegaan toe die Minister geweier het om Indiërverteenvoordiging op die kommissie toe te laat. ⁽²⁾

Die kommissie het spesiale aandag gegee aan vyf griewe wat Gandhi in sy brief van 21 Januarie 1914 aan die Sekretaris van Binnelandse sake genoem het. ⁽³⁾

Volgens hierdie kommissie was die kontrakarbeiders soos volg verdeel:-

Koolmyne	3068
Tee- en suikerplantasies	11,745
Publieke liggame, insluitende spoor- weë	2,713
Boere	2,324
Verskillend	2,476
<u>Totaal</u>	<u>22,326</u> ⁽⁴⁾

Die aanbevelings van hierdie kommissie kan onder die volgende hoofde gegroepeer word:

(i) Immigrasie.

Die immigrasiewet van 1913 moes ge-amendeer word so dat dit kon ooreenstem met die praktyk wat in die immi-

(1) U. of S.A.: Report of the Indian Enquiry Commission, 1914; 1 - 2.

(2) Documents relating to the New Asiatic Bill; 15.

(3) t.a.p.; 15 - 16.

(4) U. of S.A.; Report of the Indian Enquiry Commission, 1914; 30.

grasie departement toegepas word. Indentifikasie-kaarte moes 3 jaar geldig wees en 'n tdk by die Kaapstadse immigrasie departement aangestel word. As applikante dit sou verkies moes permitte, sertifikate ens. deur 'n klerk in die immigrasie kantoor ingevul word en net vingerafdrukke van die duim moes geneem word. Plaaslike magistrate moes tydelike permitte uitreik waar daar geen immigrasie be-ampte is nie en die £1 vir 'n indentifikasie sertifikaat of tydelike permit moes verminder word en geen fooi vir verlenging gevra word nie. Domisileer-sertifikate aan Indiërs wat die duim afdruk van die houer dra en in Natal uitgereik is, moes as voldoende bewys dien vir die reg van die houer om die Unie binne te kom, so gou as sy indentiteit bevestig is. (Artikel 1, 6 - 11, 13).

Indien moontlik moes met die Goewer¹nment van Indië goreël word om deur magistrate of ander amptenare ondersoek in te stel in geval van vrouens en kinders wat na hulle mans en vaders in Suid-Afrika kom. Hierdie be-amptes moes dan 'n sertifikaat uitreik wat as voldoende aanvaar moes word deur die plaaslike immigrasie be-amptes. (Artikel 14).

(ii) Huwelike.

Registers van Indiërs wat in die verlede meer as een vrou gehad het, moes aangehou word. Indiër priesters moes ook aangestel word as huweliksbe-amptes soos in die Kaapprovinsie onder wet 16 van 1860. Verder was wetgewing nodig om deur registrasie bestaande huwelike met een vrou geldig te maak. (Art. 2 - 4).

(iii) Wet 17 van 1895 (Natal).

Paragraaf 6 van hierdie wet, wat die verblyfbelasting van £3 per jaar verpligtend gemaak het, moes herroep word. (Art. 5).⁽¹⁾

(1) Union of Sout Africa.: Report of the Indian Enquiry Commission, 1914; 37 - 38.

(e) Die voordele van die Indiër-Tegemoetkomingswet en die Smuts-Gandhi ooreenkoms.....

(1) DIE TEGEMOETKOMINGSWET.

Hierdie wet het uitvoering gegee aan die aanbevelings van die Solomon-Kommissie. Dit het die volgende voordele vir Indiërs ingehou:-

- (k) Die jaarlikse £3 lisensie is herroep.
- (ii) Die periode om 'n vry passasie te eis is verleng van 1 maand na 12 maande.
- (iii) Hulle kon in Natal domisileer as vry Indiërs na 'n verblyf van 3 jaar.
- (iv) Hulle kon ook 'n vry ontslagsertifikaat eis na die voltooiing van hulle kontrakperiode. (1).

Gedurende die tweede lesing van hierdie Wetsontwerp is heelwat menings ge-utter oor die Indiër-vraagstuk. Dit was veral lede uit Natal wat geen verligting van bestaande wetgewing wou duld nie. Dit was hulle dan ook herhaaldelik na die hoof geslinger dat dit juis Natal was wat vir hierdie netelige probleem verantwoordelik was. Met verwysing na die stakings is beweer dat Gandhi dit geloots het en om die ondersteuning van die Indiese regering en die simpatie van die Britse publiek te verkry sou hy valse bewerings van wreedheid en semi-slawerny na elke deel van die beskaafde wêreld gekabel het. Die valsheid van die bewerings is bewys deur die feit dat Gandhi en sy volgelinge geweier het om voor die kommissie te verskyn om hulle bewerings te regverdig. Sommige lede het beweer dat hierdie wet tog ook nie die probleem sou oplos nie, maar dat daar maar weer nuwe en meer eise gestel sou word. (2)

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1911; 191.

(2) Documents relating to the Indian Question; 24.

In hierdie verband dien gemeld te word dat Gandhi self in 'n brief van 30 Junie 1914 aan die Minister van Binnelandse sake daarop gewys het dat sy mense ontevrede is omdat die handelswette van die verskillende provinsies, die Transvaalse Goudwet, die Transvaalse „Townships Act" en die Transvaalse wet 3 van 1885 nie so verander is dat hulle verblyfs, handels- en beitsregte kon kry nie. Sommige het nog meer toegewings in verband met huwelike verwag. Alhoewel hy geweier het om al hierdie dinge in sy passiewe weerstandsprogram in te sluit, verdien hierdie griewe tog die verdere en simpatieke aandag van die regering. „Complete satisfaction cannot be expected until full civic rights have been conceded to the resident Indian population". (1)

In 'n afskeidsbrief aan Reuter se korrespondent net voor sy vertrek na Indië het Gandhi daarop gewys dat immigrasie verbied is en dat hulle berowe is van alle politieke mag. Hulle het hulle dit laat welgeval en dit is die meeste wat redelik van hulle verwag kon word. Hy het afgesluit met hierdie woorde: „These two things being assured, I venture to submit that we are entitled to full rights of trade, inter-provincial migration, and ownership of landed property being restored in the not distant future." (2)

Hierdie twee briewe is geskrywe na die Tegemoetkoming³swet gepasseer is en die Smuts-Gandhi ooreenkoms afgehandel is.

Aan die ander kant is in die debat oor bogenoemde wet ook gewys op die waarde wat die Indiërs gehad het veral vir die ontwikkeling van die industrie,

(1) Documents relating to the New Asiatic Bill; 18.
 (2) Documents relating to the Indian Question; 22.

in Natal.⁽¹⁾ Die goeie hoedanighede en waarde van die Indiërs is ook beklemtoon deur die volgende kommissies: Die Natalse Indiër-kommissie van 1886,⁽²⁾ Die Natalse kommissie van 1907⁽³⁾ en die Ekonomiese kommissie van 1914.⁽⁴⁾

(11) Die Smuts-Gandhi Ooreenkoms.

Die Smuts-Gandhi ooreenkoms het ontstaan as gevolg van korrespondensie en onderhoude tussen Gandhi en Generaal Smuts, die Minister van Binnelandse Sake, waarin sekere griewe van die Indiërs bespreek was en veral administratiewe sake wat nie onder die tegemoetkomingswet geval het nie. Hierdie Ooreenkoms word vervat in 'n brief wat op 30 Junie 1914, namens generaal Smuts geskrywe is.

In die inleiding word verwys na die feit dat Gandhi verklaar het dat hy tevrede is met die inhoud van die Indiër-Tegemoetkomingswet en dat hy dit aanvaar het as 'n definitiewe skikking van die punte tussen die Indiër-gemeenskap en die regering. Verder het die brief die volgende toegewings bevat:

- (1) 'n Vry ontslag-sertifikaat sou aan Indiërs gegee word by die beëindiging van hulle dienskontrak.
- (2) Vrouens en hulle kinders mag na hulle mans en vaders in S.A. kom, mits die aantal, soos between, min is.
- (3) Indiërs in S.A. gebore, mag soos voorheen in die Kaapprovinsie ingaan, mits dit in dieselfde verhouding geskied as in die verlede.

(1) Documents relating to the Indian Question; 39.
 (2) Documents relating to the New Asiatic Bill; 25.
 (3) t.a.p.; 38.
 (4) t.a.p.; 29.

Vermeerder hulle egter te vinnig dan sou die immigrasiewet van 1913 toegepas word.

- (4) Die beperkte aantal vrygestelde geleerde inkomelinge sou nie nodig hê om by provinsiale grense weer verklaarings te doen nie.
- (5) Inkomelinge in Natal en die Kaapprovinsie gedurende die vorige 3 jaar en wat die bestaande toetse deurgekom het, mag as hulle tydelik weg was uit die provinsie waar hulle gewoon het, as gedomisileer beskou word as hulle terugkeer.
- (6) Daar sou aanbeveel word dat passiewe weerstandsoortredings nie teen die betrokke persone sou tel nie.
- (7) 'n Dokument sou uitgereik word aan alle spesiale vrygestelde geleerde inkomelinge.
- (8) Uitvoering sou gegee word aan die oorblywende aanbevelings van die griewe-kommissie.

Die groot aantal bykomende griewe wat Gandhi genoem het voor sy vertrek na Indië, is moeilik versoenbaar met die slot opmerkings in Generaal Smuts se brief, nl..

"In conclusion, General Smuts desires me to say that it is, of course, understood, and he wishes no doubt on the subject to remain, that the placing of the Indians Relief Bill on the statute Book of the Union, coupled with the fulfilment of the assurances he is giving in this letter in regard to the other matters referred to herein; touched upon at the recent interviews, will constitute a complete and final settlement of the controversy which has unfortunately existed for so long, and will be unreservedly accepted as such by the Indian Community."⁽¹⁾

(1) Documents relating to the New Asiatic Bill; 17-18.

(f) Die bevordering van emigrasie deur 'n ondersteunde repatriasie-stelsel.....

Die ondersteunde Repatriasie-skema is deur die regering ingestel om Indiërs te help wat graag wou teruggaan na Indië. Vanaf 1914 tot 1926 het 21,263 Indiërs na Indië vertrek en van hierdie totaal het 14,856 onder die ondersteunde Repatriasie-stelsel gegaan.⁽¹⁾ In die jare 1928 tot 1934 het die volgende getalle na Indië gegaan onder hierdie skema. (Vir die jare 1929 tot 1932 word die bonusse, besparings en die waarde van die juwele ook aangegee):

Tabel 12.GEREPATRIEERDES, 1928-1934.

Jaar	Aantal gerepatrieerdes	Bonusse	Besparings	Juwele
1928	2731	-	-	-
1929	1435	284,523 Rs	£5829	£4313
1930	690	136,955 Rs	£2894	£1843
1931	1410	278,308 Rs	£5004	£3734
1932	2479	495,790	£5455	£6353
1933	1493	-	-	- (2)
1934	880	-	-	-

Die aantal wat op hierdie wyse die land verlaat het is dus nie groot nie. Daar word veral twee redes genoem vir die klein aantal wat van hierdie skema gebruik gemaak het:-

(1) Die aktiewe teenstand van die Suid-Afrikaanse Indiër-kongres.

(2) Die begeerte van die gerepatrieerdes om weer terug te kom na Suid-Afrika.⁽³⁾

-
- (1) Race Relations: February, 1936.
 (2) Indian Opinion: 11.5.34.
 (3) Race Relations: February, 1936.

Daar is in 1927 'n amptenaar aangestel vir die Suid-Afrikaanse gerepatrieerdes met die volgende pligte:-

- (1) Hy moes die emigrante by hulle aankoms ontvang.
- (2) Hy moes hulle weghelp na binnelandse bestemmings.
- (3) Hy moes die kontant wat hulle gehad het beskerm.
- (4) Hy moes fasiliteite voorsien waar hulle hul besparings kon bank.
- (5) Hy moes emigrante ook plaas in beroep waarvoor hulle voorkeur uitgespreek het. (1)

Die toestand van die gerepatrieerdes was egter hope-loos volgens die verteenwoordiger van die „Colonial Born and Settlers Indian Association.“ (2) Dit was blykbaar die oorsaak waarom daar vanaf 1932 tot 1934 weer 'n snelle daling was in die aantal wat van hierdie skema gebruik gemaak het. Die Unie-regering het dan ook in 'n skrywe aan die Indiese regering in 1934 op hierdie vermindering gewys. Die Kaapstadse ooreenkoms was wat die ondersteuning van die publiek betref, afhanklik van die sukses van hierdie skema, en die vermindering het dus 'n ernstige toestand geskep. (3)

Sedert die skema van staatsondersteunde repatriasie in 1914 in werking getree het, tot Januarie 1938, het 16,221 Indiërs onder hierdie skema teruggekeer. (4)

(g) Die Indiër-vraagstuk en Imperiale verhoudings.

Die Asiate-vraagstuk in die Unie raak ook ryksbelange. Die rykskonferensie van 1917 het die beginsel aanvaar van gelyke behandeling tussen Indië en die Britse Dominiums met betrekking tot emigrasie. Die konferensie van 1918

-
- (1) Indian Opinion; 11.5.34.
 - (2) Indian Opinion; 16.2.34.
 - (3) Indian Opinion; 9.2.34.
 - (4) Brief van waarnemende kommisaris: Asiate-sake, 26.1.38.

het verder daarop ingegaan en die bepaling gemaak dat Indiërs reeds blywend woonagtig in ander Britse gebiede, toegelaat sou word om onder sekere voorwaardes hulle vrouens en minderjarige kinders te laat oorkom. (1)

In 1921 is onder goedkeuring van die konferensiebesluit van 1918, uitdrukking gegee aan die sienswyse, dat dit in belang van die Britse Gemenebes wenslik sou wees om Britse Indiërs as burgers van die Ryk te erken. Hierdie besluit is nie deur die Suid-Afrikaanse verteenwoordigers aanvaar nie, en toe het die Indiese afgevaardigdes die hoop uitgespreek dat onderhandelings tussen die regering van Indië en die Unie, die besware van laasgenoemde uit die weg wou ruim.

In 1923 het die Indiese verteenwoordigers sekere voorstelle ingedien met die oog op die uitvoering van die gedragslyn in 1921 neergelê. In die geval van die Unie het hulle voorgestel dat die Indiese regering 'n Agent na Suid-Afrika moes stuur om die belange van Indiese onderdane te beskerm en om as tussenpersoon op te tree tussen hulle en die owerhede. Generaal Smuts het namens die Unie die voorstel verwerp en gesê, dat hy geen hoop kon gee op verdere uitbreiding van die politieke regte van Indiërs in Suid-Afrika nie. Hy het verklaar dat dit vir die Unie 'n kwessie is van ekonomiese mededinging en nie van ras of kleur nie en dat die blankes van Suid-Afrika voel hoe die voortbestaan van die Westerse beskawing afhang van, wat daar in hierdie verband gedoen word. (2)

(1) Unie van S.A.: Offisiële Jaarboek, 1933-1934, No. 16; 905.

(2) t.a.p.; 905.

(h) Agistastie teen die Indiërs en die ontstaan van wet 37 van 1919

Die bepalings van die Goudwet en „Townships” - wette van 1908 (Transvaal) is nie streng toegepas nie, met die gevolg dat daar tussen 1908 en 1914 'n aansienlike aantal nuwe besighede opgerig is deur Indiërhandelaars, tenspyte van die wet. Vanaf 1914 is 'n doeltreffende metode gevind om die strenge bepalings van bogenoemde wette te ontduik. Asiate het naamlik gebruik gemaak van die masjienerie van die Kompanjie-wet van 1909 (transvaal). Tot 1919 is die volgende kompanjies gevorm:-

Tabel 13.

HANDELS-KOMPANJIES VAN ASIATE EN HULLE KAPITAAL.

Jaar.	Aantal Kompanjies.	Nominale Kapitaal.
1913	3	£7500 0 0
1914	9	£13,150 0 0
1915	38	£84,274 0 0
1916	103	£132,255 0 0
1917	91	£118,229 0 0
1918	114	£113,319 7 0
1919(3.19)	12	£10,600 12 0
	370	£479,327 19 0 (1)

'n Saak van die Krugersdorpse munisipaliteit vroeg in 1919 het daartoe gelei dat die Indiërs 'n versoekskrif na die Parlement gesuur het en dat 'n komitee aangestel is. Hierdie gekose komitee het aanbeveel dat alle gevestigde regte beskerm moes word en dat die Indiërs die reg sou hê om hulle besighede oor te maak aan ander Indiërs. Onmiddellike stappe moes egter gedoen word „to render it impossible for any Indian or Asiatic to obtain a trading licence for a new business.”

(1) Union of S.A.: Report of the Asiatic Inquiry Commission 1921, 20-21.

Ook het hulle aanbeveel dat wet 3 van 1885 (Transvaal) so gewysig sou word dat dit ook kompanies sou insluit waarin Asië die beherende belang het, sodat sulke kompanies belet sou word en grond te besit.

Die komitee het 'n konsep wet aan hulle verslag gehê en dit het met 'n paar byvoegings en veranderings wet 37 van 1919 geword. ⁽¹⁾

Vroeg in September, net nadat bogenoemde wet aangenem is, is 'n kongres in Pretoria gehou onder beskerming van die Anti-Asiatiese Liga. Die doel was om besluite in verband met die Asiatiese bedreiging voor te lê en om 'n organisasie te vorm om dit te bestry. Hierdie kongres is bygewoon deur afgevaardigdes van 26 munisipaliteite, 30 kamers van Koophandel, 9 Landbou-Unies, 12 kerke en 40 Unies en ander liggame. Hulle het die strenge toepassing geëis van alle wettige **beperkings** en die Anti-Asiatiese Suid-Afrikaner liga is gevorm. ⁽²⁾

Dwarsdeur hierdie periode het teenstadⁿ van die kant van die publiek voortgeduur. In 1934 het die Transvaalse Munisipale Vereniging gevra vir wetgewing waarin aan hulle volmag gegee word om

- (a) spesiale areas aan te wys waar Asië mag woon en handel;
- (b) die kommersiële aktiwiteite van Asië te beperk sover dit nuwe lisensies betref en die oorpasing van bestaande lisensies. ⁽³⁾

In 1935 het hulle vir wetgewing gevra om die verblyf van Indiërs in blanke woonbuurtes te belet. Die Reddingsdaadbond het ook 'n veldtog geloods vir die beperking van die handelsregte van Indiërs en die Durbanse „Corporation“

(1) Union of S.A.: Report of the Asiatic Inquiry Commission, 1921; 22 - 23.

(2) t.a.p.; 23.

(3) Indian Opinion: 7.9.34.

het gevra vir 'n beperkende klosule in grondtransporte. Indiërs is ook in 1935 nadelig getref deur 'n amendament in die Plattelandse Handelslisensiewet en die munisipale regulasies wat smousery beperk het.⁽¹⁾

Van Indiër-kant is die volgende wette genoem waarteen hulle beswaar gemaak het:- Die „Land Settlement Act“, die wet insake Agterbuurtes, die Provinsiale lisensie-ordinansies, die Goudwet, die Suikerwet, die Markwet, die Drankwet van 1928, die Transvaalse wet insake die grondbesit van Asiate, die Ammunisiewet,⁽²⁾ en die „Burroughs“ - Ordinasie (Natal) van 1924 wat Indiërs berowe het van munisipale stemreg.⁽³⁾

(1) 'n Kommissie ondersoek die grond- en handelsregte van Asiate. 1920-1921

Hierdie kommissie is aangestel op 3 Februarie 1920 om ondersoek in te stel en verslag uit te bring omtrent die bepalinge van die wet betreffende:

- (a) Die verkry van grond en landsregte deur Asiate in die Unie vir Handel en ander doeleindes.
- (b) Die handel of besigheid dryf deur sulke persone in die algemeen of in bepaalde lokaliteite en verder verslag uit te bring oor die wenslikheid al dan nie om die wet in enige opsig te wysig. Ook moes hulle aanbevelings doen met betrekking tot moeilikhede en klagtes wat ontstaan het in verband met die aangeleenthede onder a en b.

In sy voorlopige verslag van 12 Mei 1920 het hierdie kommissie aanbeveel dat repatriasie van Indiërs vergemaklik moes word.⁽⁴⁾

(1) Race Relations; February, 1936.

(2) Race Relations: November, 1937.

(3) Indian Views: 10.7.36.

(4) Unie van S.A.: Offisiële Jaarboek, 1910-1921 No. 5; 183.

In die eindverslag (3 Maart 1921) het die kommissie 'n geskiedkundige oorsig gegee en die posisie van Asiate in 1920 wat betref eiendomsreg van grond en handelsregte buite en binne publieke delwerye (Transvaal). Verder het hulle daarop gewys dat meer Indiërs die land verlaat het in 1918 en 1919 as wat ingekom het. Die aantal wat ingekom het in hierdie jare was respektiewelik 594 en 1055.

In Transvaal het Asiate die volgende lisensies besit vir verskillende soorte besighede in 1919: Krugersdorp = 24, Johannesburg = 2,287 en Potchefstroom = 45. (1)

In Natal is deur verskillende landbouunies gekla dat Asiate grond koop en so blankes verdruk. Die Natalse Landbou-unie, wat 4000 lede verteenwoordig, het dan ook op 13 April 1920 aanbeveel dat Asiate nie verder toegelaat sou word om grond te koop of te huur nie. Ook moes geen nuwe lisensie uitgereik word of bestaande lisensie oorgeplaas word nie. Blankes of ander persone moes ook belet word om lisensies vir Asiate ^{te} besit. (2)

Die volgende is die waarde van eiendomme wat Asiate in Durban besit het vir die jare genoem:

1888/1889	£28,840	1918/1919	£652,880
1898/1899	£200,880	31.3.1920	956,218
1908/1909	£501,750		

Vanaf 1 Januarie 1918 tot 3 Maart 1920 het 137 besighede in Durban van blankes na Asiate oorgegaan. Die totale waarde van hierdie besighede was £281,455. (3)

Die aantal lisensies, nuwes en herneudes, was in Durban in 1915 vir Europeane 1357 en Asiate 515. In 1919 was dit vir Europeane 1684 en vir Asiate 628. Die volgende is die besonderhede vir toekennings en weierings van

(1) Union of S.A.: Report of the Asiatic Inquiry Commission, 1921; 26 - 24.

(2) t.a.p.; 41 - 42.

(3) t.a.p.; 44.

86.
 lisensies vanaf 1909 tot 1919.

	<u>Lisensies toegeken.</u>	<u>Lisensies geweier.</u>
Europeane	1392	117
Asiate	874	1152

Die lisensie-beampte het in hierdie verband opgemerk:
 „A European licence is granted almost always as a matter of course, whereas the Indian licence is refused as a matter of course, if it is a new one." (1)

In Natal was die aantal kontrakarbeiders en hulle afstammeling in 1919 soos volg:-

TABEL 14.

KONTRAKARBEIDERS 1919.

	<u>Manlik</u>	<u>Vroulik</u>	<u>Totaal.</u>
Gebore in Indië	37,493	19,203	56,696
Gebore in Natal	29,252	29,567	58,819
	66,745	48,770	115,515

(2)
 Die aantal Mohammedaanse handelaars was ongeveer 20,000.

Die volgende tabel gee die aantal vrouens en kinders wat vanaf 1915 tot 1919 die land binnegekom het:

TABEL 15.

IMMIGRASIE VAN VROUENS EN KINDERS, 1915-1919.

<u>Jaar</u>	<u>Vrouens</u>	<u>Kinders</u>	<u>Totaal.</u>
1915	54	61	115
1916	76	61	137
1917	60	88	148
1918	57	87	144
1919	86	148	234 (3)

(1) Union of S.A. Report of the Asiatic Inquiry Commission, 1921; 46 - 47.

(2) t.a.p.; 49

(3) t.a.p.; 50.

Die Kommissie het aanbeveel dat wet 3 van 1885 en wet 35 van 1908 moes bly. Ook moes wet 3 van 1885 (Transvaal) van toepassing bly op die volgende distrikte van Natal: Vryheid, Utrecht, en Paulpietersburg. Die wette oor Asiate in Zuloeland en die Transkei moes ook bly. Daar moes ook geen verslapping wees in die toepassing van die immigrasiewette nie en 'n uniforme „Lisensie-wet" moes uitgevaardig word, wat van toepassing sou wees op alle provinsies. (Punte 1,8 - 11.)

Die reg van Asiate om grond en eiendom in Natal te besit moes beperk word tot die kusstreek. Repatriasie en segregasie moes vrywillig. wees en die administrasie van die Asiatische politiek van die regering moes in die hande van een amptenaar geplaas word (Punte 2 - 7, 12).⁽¹⁾

(j) Indië en Suid-Afrika bespreek die Indiërvraagstuk in Kaapstad, 1926 en 1927

In 1924 het die regering die „Rasse en Wyke" wetsontwerp ingedien met die doel om voorsiening te maak vir aparte woon- en handelswyke in stede ten behoeve van mense (uitgesonderd Naturelle) met ooreenkomstige rasse-eienaardighede. Hierdie wetsontwerp het veel teenstand ondervind van die Asiate. Weens die ontbinding van die parlement in 1924 kon hierdie wetsontwerp nie afgehandel word nie.

Die Minister van Binnelandse Sake, D.F. Malan, het in 1926 'n hersiene wetsontwerp insake stadswyke-bewoning ingedien.⁽²⁾ As gevolg van hierdie voorgestelde wet het 'n deputasie van Indië na die Unie gekom om plaaslik sekere gesigspunte van die Indiërvraagstuk te bestudeer. Hierdie deputasie het getuie afgelê voor die gekose komitee na wie

(1) Union of S.A.: Report of the Asiatic Inquiry Commission, 1921; 50.

(2) Union of S.A.: Official Yearbook, 1926-1927, No. 9; 888-889.

die wet verwys is en op aanbeveling van die komitee is besluit om die wetsontwerp uit te stel en om al die gesigspunte van die vraagstuk op 'n konferensie met die Indiese regering te bespreek.

Hierna het 'n parlementêre deputasie van die Unie-regering weer besoek in Indië afgelê. Na aanleiding van hierdie besoek is 'n byeenkoms in die Unie gereël waar alle moontlike gedragslyne nagegaan sou word om so tot 'n oplossing van die Indiërvraagstuk te geraak.

'n Indiese afvaardiging en 'n parlementêre deputasie het vanaf 17 Desember 1926 tot 11 Januarie 1927, 'n konferensie in Kaapstad gehou. Na afloop van die konferensie is die volgende as grondslag vir 'n ooreenkoms aanbeveel en albei die regerings het dit aanvaar.⁽¹⁾

- (1) Beide regerings het opnuut erken dat Suid-Afrika die reg het om alle regverdige en billike middels aan te wend vir die handhawing van die Europese lewenstandaard.
- (2) Die Unie-regering het erken dat Indiërs wat in die Unie gevestig is en ooreenkomstig die Europese lewenstandaard wou lewe, in staat gestel sou word om dit te doen.
- (3) Vir die Indiërs wat daarvan gebruik wou maak sou die Unie-regering 'n ondersteunde emigrasieskema na Indië of ander lande organiseer.
- (4) Die Indiese regering het sy verpligting erken om sulke emigrante by hulle aankoms in Indië voort te help.
- (5) Die toelating tot die Unie van vroue en minderjarige kinders van Indiërs permanent in die Unie gevestig sou gereël word deur paragraaf 3 van

(1) Union of South Africa: Official Yearbook, 1926-1927 No. 9; 888-889.

besluit XXI van die Rykskonferensie van 1918.

- (6) As gevolg van hierdie ooreenkoms het die Unie-regering besluit om die Wyke-reservasie en Immigrasie en Registrasie (verdere bepalings) wetsontwerp nie verder te behandel nie.
- (7) Albei regerings sou die uitwerking van die ooreenkoms nagaan en van tyd tot tyd verder gedagtes wissel.
- (8) Die Unie-regering het die Indiese regering versoek om 'n Agent in die Unie te benoem, teneinde 'n blywende en werkdadige ~~samen~~^ewerking tussen die twee regerings te versker.⁽¹⁾

Die volgende was die Agente van die Indiese regering in die Unie:-

1. Sy Gestr. Srinavasa Sastri. 1927-1929.
2. Sir Venkata Reddi 1929-1932.
3. Kunwar Sir Maharaj Singh 1932-1935.
4. Sir Syed Raza Ali C.B.E. 1935-1938.
5. Sir Benegal Rama Rau. C.I.E.; I.C.S. 1938- (2)

In die begin van 1936 is die benaming van „Agent van die regering van Indië" verander na „Agent-generaal vir Indië in die Unie van Suid-Afrika."⁽³⁾

Afgevaardigdes van die twee regerings het weer vanaf 12 Januarie tot 4 Februarie 1932 in Kaapstad byeengekom om die werking van die ooreenkoms te bespreek en gedagtes te wissel aangaande moontlik^ewysiginge. Daar is erken dat die emigrasie-skema om verskillende redes feitlik uitgeput was. Een van die redes was dat 80% van die Indiërs reeds in Suid-Afrika gebore is. Die moontlikheid om nedersettings buite Indië in die lewe te roep is toe oorweeg.

(1) Union of S.A.: Official Yearbook, 1926-1927 No. 9; 11 en 889-890.
 (2) Union of S.A.: Official Yearbook, 1941, No. 22; 1002.
 (3) Indian Opinion; 31.1.36.

Die Indiese regering sou saamwerk om so 'n kolonisasie-skema daar te stel. ⁽¹⁾

Die Minister van Binnelandse Sake het toe 'n komitee benoem met die opdrag om 'n voorlopige ondersoek in Suid-Afrika in te stel in verband met die voorstel vervat in paragraaf 3 van die ooreenkoms by die tafel-ronde van 1932. Die moontlikhede van 'n kolonisasie-skema vir die vestiging van Indiërs uit Indië en Suid-Afrika in ander lande moes dus ondersoek word. ⁽²⁾

Die Komitee het op 26 Februarie 1934 verslag gedoen (U.G. 23 van 1934) en aanbeveel dat Brits-Noord-Borneo, Brits-Nu-Guinea en Brits Guiana, lande was waar met vrug nader ondersoek ingestel sou kon word betreffende die moontlikhede van 'n kolonisasie-skema. ⁽³⁾

In die samevatting van sy bevindings het die komitee egter daarop gewys dat die Indiërs by voorbaat weier om enige kolonisasie-skema te steun. ⁽⁴⁾

(k) 'n Kommissie ondersoek die wet insake die grondbesit van Asië in Transvaal, 1932.

Hierdie Kommissie is op 1 Oktober 1932 benoem. Die eerste verslag is in Julie 1935 gepubliseer (U.G. 7 van 1934). Dit het die eerste deel bevat nl. Inleiding en die tweede deel nl. Johannesburg, algemeen met inbegrip van aanbevelings betreffende wyke. Die derde deel het later verskyn en het bevat: Johannesburg: Aanvullingsverslag, met inbegrip van 'n register van kleurlinge in

-
- (1) Union of South Africa: Official Yearbook, 1933-1934, No. 16; 906.
 - (2) t.a.p.; 907.
 - (3) Union of South Africa: Official Yearbook, 1940, No. 21; 1019.
 - (4) Unie van S.A.: Offisiële Jaarboek, 1933-1934, No. 16; 907.

besit van grond onderworpe aan Goudwetbeperkings, enaanbevelings betreffende indiuiduele gevalle, en ander gedeeltes waarin Krugersdorp, Roodepoort, Maraisburg, Germiston, Boksburg, en Springs behandel word.⁽¹⁾

(1) 'n Verdere kommissie insake die grondbesit van Asië 1938

Hierdie kommissie is aangestel in Februarie 1938 om ondersoek in te stel na, en indien daar gronde voor bestaan te repporteer in hoeverre, die letter en gees van enige wet wat die besit, gebruik of okkupasie van grond deur Asië beperk of belet, ontduik word en om aanbevelings te doen in hierdie verband. Die verslag van hierdie kommissie is gepubliseer in Maart 1939 (U.G. 16 van 1939).⁽²⁾

(2) Die Indiër-gemeenskap 1936; 'n Analise.

(a) Die Bevolking.

Die volgende tabel toon aan die Asiatiese bevolking in die Unie in 1921 en 1936. (Die syfers vir die Kaap-provinsie en die Vrystaat word ook vir vergelykingsdoel-eindes gegee.)

Tabel 16.

Die Asiatiese bevolking, 1921 en 1936

(i) Persone.

	1936		1921	
	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik
Kaapprovinsie	6,677	3,831	5,724	1,972
Natal	97,073	86,588	80,314	61,335
Transvaal	15,379	10,114	11,056	4,935
Oranje Vrystaat	22	7	242	153
Unie	119,151	100,540	97,336	68,395

(1) Unie van S.A.: Offisiële Jaarboek, 1933-1934, No. 16; 1133.

(2) Union of S.A.: Official Yearbook, 1939, No. 20; 1051

(ii) Persentasie vermeerdering of vermindering.

	Manlik	Vroulik	Totaal	
Kaapprovinsie	16.65	94.37	36.54	
Natal	20.87	41.17	29.66	
Transvaal	39.10	104.94	59.42	
Oranje-Vrystaat	-90.91	-95.42	-92.66	
Unie	22.41	47.00	32.56	(1)

Die volgende tabel groepeer die Indiërs in 1921 en 1936 onder Stedel-ik en Plattelands:

Tabel 17.

(i) INDIERS IN STEDEL-IKE EN PLATTELANDSE GEBIEDE.
Stedellik

	1936		1921	
	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik.
Kaapprovinsie	6,474	3,724	5,316	1,803
Natal	59,999	53,550	18,072	12,115
Transvaal	13,199	8,621	9,384	4,187
Oranje-Vrystaat	22	7	199	133
Unie	79,694	65,902	32,971	18,328

(1) Unie van Suid-Afrika: Sesde sensus,
5 Mei 1936 Deel 1: Bevolking; 3.

(ii) Plattelands.

	1936.		1921.	
	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik.
Kaapprovinsie	203	107	408	169
Natal	37,038	33,038	62,242	49,220
Transvaal	2,180	1,493	1,672	748
Oranje-Vrystaat	-	-	43	20
Unie	39,457	34,638	64,365	50,157

(1)

Die stadswaartse beweging van die Indiërs word duidelik weerspieël in die vorige tabel, want in 1936 was daar heelwat minder op platteland as in 1921. Verder toon die tabelle dat die Indiërs in die verskillende provinsies persentasie-gewys soos volg verdeel was. Natal 83.60%; Transvaal 11.61%; Kaapprovinsie 4.70%; en die Oranje-Vrystaat .01%. In vergelyking met Natal en Transvaal, die twee provinsies wat in hierdie studie ^{behandel} word, is die Indiërs in die ander twee provinsies dus maar baie min.

(b) Ouderdomme.

Die verhouding tussen grootmense en ondergeskiktes was soos volg vir die jare 1921-1936:

Tabel 18.

VOLWASSENES EN ONDERGESKIKTES.

Jaar	Manlik Aantal	%	Aantal	Vroulik. %	Persone. Aantal
1921	52,797	54.24	26,485	38.72	79,282)
1936	53,500	44.90	37,045	36.85	90,545)
					21 Jaar en ouer.
1921	44,539	45.76	41,910	61.28	86,449)
1936	65,651	55.10	63,495	63.15	129,146)
					Onder 21 jr. (2)

(1) Unie van S.A.: Sesde Sensus, 5 Mei 1936 Deel 1, Bevolking; 5.

(2) Unie van S.A.: Sesde Sensus 5 Mei 1936 Deel 2, Ouderdomme, IX.

Daar was 'n aanmerklike vermeerdering in die aantal onder 21 jaar sedert 1921. Hulle het in 1936, 58,78% van die bevolking uitgemaak. Hierdie vermeerdering moet toegeskryf word aan:

- (i) Die vermeerdering in die verhouding van die geslagte,
- (ii) Die min sterfgevalle, en
- (iii) die feit dat meer die land verlaat het as wat ingekom het. Veral middeljarige en ouerige Indiërs het die land verlaat.

Vanaf 1927 tot 1936 is daar 74,711 Indiërs gebore en 29,925 oorlede. Dit gee 'n natuurlike vermeerdering van 44,786. Vir hierdie jare is die syfers vir Natal alleen: Geboortes 62,085, Sterfgevalle 24,169, Natuurlike vermeerdering 37,916.⁽¹⁾

In Natal het manlikes onder 21 jaar sedert 1921 vermeerder met 43.21%, en vroulikes met 46.26%. Die vermeerdering vir 21 jaar en ouer was: Manlikes minus .21% en vroulikes 33.04%.

In Transvaal was die vermeerdering vir die wat onder 21 jaar was: Manlikes 77.51% en Vroulikes 107.56%. Vir 21 jaar en daarbo was die vermeerdering: Manlikes 15.99% en vroulikes 100.86%.⁽²⁾

'n Bestudering van die verskillende ouderdomme toon dat daar in 1936 in Natal 48,521 kinders van skoolgaande ouderdom was. (d.w.s. 6-14 jaar).⁽³⁾ In Transvaal was daar 5,539 kinders tussen 6 en 14 jaar.⁽⁴⁾

(1) Unie van S.A.: Sesde Sensus, 5 Mei 1936, Deel 11: Ouderdomme; lx.
 (2) t.a.p.; 160.
 (3) t.a.p.; 165.
 (4) t.a.p.; 171.

(c) HUWELIKSTAAT:

Die volgende tabel toon die huwelikstaat van persone onder 19 jaar in Natal en Transvaal, 1936:-

TABEL 19.Huwelikstaat van Indiërs onder 19 jaar.(a) Onder 14 jaar:

Natal.		Transvaal.	
Getroud	Wedustaat	Getroud	Wedustaat
Manlik 19	-	26	-
Vroulik 151	3	20	1
(b) <u>15 - 19 jaar:</u>			
Manlik 468	6	214	4
Vroulik 3943	48	332	-

Opmerklik is die 170 getroudes, en 3 weduwees in die ouderdomsgroep onder 14 jaar in Natal. Die syfers vir Transvaal was 46 getroudes en 1 weduwee.

(d) TALE:

Die volgende tabel toon in hoeverre die Asiatiese bevolking (7 jaar en ouer) in 1936 die offisiële tale geken het:-

TABEL 20.Asiate en die Offisiële Tale, 1936.

	Eng. en Afr.	Net Eng.	Net Afr.	Geen van beide.
Aantal	19,510	77,359	2,527	86,262
Persentasie	11.55	45.82	1.50	40.43 (2)

(1) Unie van S.A.: Sesde Sensus, 5 Mei 1936 Deel 111
Huwelikstaat, 128-130.

(2) Unie van S.A.: Sesde Sensus, 5 Mei 1936 Deel IV
Tale; xviii.

Die volgende tabel toon die huistaal van die Asiatiese bevolking in die Unie, 1936.

Tabel 21.

Huistaal van Asiatic in Unie, 1936.

<u>Huistaal</u>	<u>Aantal sprekers</u>	<u>Persentasie.</u>
Tamil	83,731	38.11
Hindoestaans	60,276	37.44
Telegu	25,077	11.42
Gujerati	25,408	11.57
Urdoe	13,842	6.30
Ander Indiërtale	4,303	1.96
Chinees	2,332	1.06
Japanees	134	.06
Eng. of Afr.	3,547	1.61
Ander	198	.09
Ongespesifiseer	843	.39 (1)

Die volgende was die vyf tale wat die meeste gepraat is: Tamil (38.11%), Hindoestaans (27.44%), Gujerati (11.57%), Telegu (11.42%) en Urdoe (6.30%).

In die ouderdomsgroep onder 7 jaar was daar 26,856 (d.i. 61.85%) uit 'n totaal van 43,419 wat nie een van die offisiële tale kon praat nie. Vir die groep 7 jaar en ouer was daar 65,635 uit 'n totaal van 140,242 (d.i. 46.80%) wat nie een van die offisiële tale geken het nie. Vir die Transvaal is die syfers: Onder 7 jaar, 1176 of 20.97% en 7 jaar en ouer 2,106 of 10.59%.

Die syfers vir diegenes wat net Afrikaans geken het was: Natal onder 7 jaar 7, 7 jaar en ouer 185, Transvaal onder 7 jaar 642, 7 jaar en ouer 1,878. (2)

Die huistaal van die Indiërs in Natal en Transvaal was soos volg:-

-
- (1) Unie van Suid-Afrika: Sesde Sensus, 5 Mei 1936
Deel (IV): Tale; xxi.
(2) t.a.p.; 142.

TABEL 22.HUISTAAL VAN INDIËRS IN NATAL EN TRANSVAAL, 1936.

	Tamil	Hindostaans	Telegu	Gujerati	Urdoe
Natal	75,739	56,489	24,453	11,235	11,460
Transvaal	4,686	2,228	218	12,756	1,347

(1)

(e) GODSDIENS.

Die volgende tabel gee die godsdienste wat die meeste volgelinge gehad het. Alleen godsdienste met meer as 500 volgelinge is geneem:

TABEL 23.GODSDIENSTE VAN ASIATE, 1936.

	Natal	Transvaal
Anglikane	1348	-
Metodiste	941	-
Roomskatolieke	2860	-
Baptiste	959	-
Christene (<i>Protestante</i>)	740	-
Buddhiste	1646	-
Konfusiane	-	1275
Hindoes	147,496	9278
Mohammedane	28,845	13142

(2)

Die Verenigde Kerk het 14 volgelinge in Natal en 20 in Transvaal gehad en die Gereformeerde Kerk 10 in Natal en 1 in Transvaal.

Die verskillende godsdienste is in Natal normaal versprei onder die verskillende huistale. Die meeste Indiërs is byvoorbeeld Tamil-sprekend en die meeste van die volgelinge in elk van die godsdienste en sektes is ook Tamil-sprekend. (3)

(1) Unie van S.A.: Sesde Sensus, 5 Mei 1936 Deel (IV); Tale; 166.

(2) Unie van S.A.: Sesde Sensus, 5 Mei 1936 Deel (VI); Godsdienste; 60-61.

(3) t.a.p.: 82-84.

Die meeste Indiërs in Natal was Hindoes (147,496) en die meeste in Transvaal (13,142) Mohammedane. (1)

(f) HUISE.

Van die 14,891 privaat wonings wat in 1936 deur Asiate bewoon is, was 54% die privaat eiendom van die bewoner. 74% van die huise was in Natal en 64% hiervan was die privaat eiendom van die bewoner.

Die volgende tabel toon die aantal privaat wonings met die bewoners in sewe groot stede:-

TABEL 24.

HUISE EN BEWONERS IN SEWE STEDE.

	Getal pri- vaat wonings	Totaal be- woners.	Gemiddelde per kamer.
Kaapstad.	591	2688	1.5
Port Elizabeth	343	1739	1.6
Oos-London	130	745	1.7
Durban	8161	62,179	2.3
Pietermaritzburg	1034	7,187	2.4
Johannesburg	1263	6,770	2.0
Pretoria.	433	2,187	2.4. (2)

Die volgende tabel gee die gemiddeldes vir die Provinsies en die Unie:-

TABEL 25.

GEMIDDELDE AANTAL INWONERS EN GEMIDDELDE HUURGELDE.

	Kaap	Natal	Transvaal.
Gemiddelde per huis.	4.7	7.2	5.0
Gemiddelde per kamer	1.6	2.3	2.1
Gemiddelde maandelikse huur: 1 kamer	£2.0.0.	£1.4.9.	£ 2.0.9.
2 kamers	£3.4.1.	£2.3.10.	£3.8.8.
3 kamers	£3.17.8	£3.5.0.	£4.15.7

(3)

(1) Unie van S.A.: Sesde Sensus, 5 Mei 1936, Deel VI: Godsdiens; 60-61.

(2) Unie van S.A.: Sesde Sensus, 5 Mei 1936, Deel VIII, Huise; xvii.

(3) t.a.p.; 81.

Die meeste huise in die Kaap was 3 kamerhuise. (28.07%)
 Die een-kamer huise het gemiddeld 2.67 inwoners gehad.
 In Natal was die meeste huise (29.59%) twee-kamer huise.
 Die een-kamer huise in hierdie provinsie het gemiddeld
 4.29 inwoners gehad. Die meeste huise in Transvaal was
 twee-kamer huise (33.82%) en die een-kamer huise het ge-
 middeld 3.27 inwoners gehad. In die Unie was die
 meeste huise (30.06%) twee-kamer huise en die een-kamer
 huise het gewoonlik 3.87 inwoners gehad. (1)

Alhoewel Indiërs volgens regulasies in Natal bou-
 lenings mag kry, (2) was huise tog skaars. (3)

(g) Werklooshed, armoede en Onhigiëniese Toestande.

Soos uit die volgende syfers blyk was die aantal
 werkloses nie besonder hoog in 1936 nie:-

Tabel 26.

WERKLO-SES.

	<u>Mans</u>	<u>Vrouens.</u>
Hele Kaapprovinsie	271	17
Durban	3,007	68
Res van Natal	2,395	186
Hele Transvaal	481	26
TOTAAL	6,154	297 (4)

Die grootste aantal manlike werkloses in die Unie
 was 1136 en hulle het tot die ouderdomsgroep 20-24 jaar
 behoort. Die grootste aantal vroulike werkloses nl.
 75 was tussen 15 en 19 jaar. (5)

-
- (1) Unie van S.A.; Sesde Sensus, 5 Mei 1936, Deel
 VIII: Huise, 82.
 (2) Indian Opinion: 13.4.34.
 (3) Indian Opinion: 12.6.36.
 (4) Unie van S.A.; Sesde Sensus, 5 Mei 1936, Deel X; vii.
 (5) t.a.p.; 196.

Omdat werkloosheid en swak salarisse as oorsake van die armoedige toestand van baie Indiërs aangegee word is dit nodig om hierdie toestand nader te ondersoek. Die „Indian Views" van 23.3.34 het melding gemaak van die treurige toestande om Durban. ⁽¹⁾

Oor hierdie selfde omgewing het Dr. G.H. Gynn hom soos volg uitgelaat. „The housing conditions (of most non-Europeans in the added areas) are an insult to God and a disgrace to man." ⁽²⁾ Die toestande waaronder die arm Indiërs in die Munisipale magasyn barakke gewoon het, is ook aangeval. ⁽³⁾ Verder was die onhygiëniese toestande in die Asiatiese basaars bespreek ⁽⁴⁾, en baie en reguit kritiek is uitgespreek oor die uiters ongesonde toestande in baie Indiërs se huise. ⁽⁵⁾

Ook in Transvaal is die armoedige toestande druk bespreek. So het die Instituut van Rassee-verhoudings gerapporteer oor die treurige lewenstoestande onder arm Indiërs, wat gewoonlik in dieselfde buurt saam met Naturrelle, Kleurlinge en Armblankes woon. ⁽⁶⁾ Die „Rand Daily Mail" het selfs gepraat van „Appalling living conditions" ⁽⁷⁾.

Armoede is die oorsaak van die ondervoeding van kinders. ⁽⁸⁾ In 1934 het die onderwys-departement in Natal twee kom-buise vir arm Indiërkinders ge-open. ⁽⁹⁾

Die armes en hulle armoede is onder die aandag van die owerheid gebring deur die „Indian Social Service Committee" toe hulle getuie afgelê het voor die inter-departementele komitee insake arm-hulp en liefdadigheidsinrigtings. ⁽¹⁰⁾

-
- (1) Indian Views: 23.3.34.
 - (2) Indian Opinion: 16.2.34.
 - (3) Indian Opinion: 1.3.35.
 - (4) Indian Opinion: 4.10.35.
 - (5) Indian Opinion: 31.1.36.
 - (6) Race Relations: Nov.-Des. 1933.
 - (7) Rand Daily Mail: 17.8.39.
 - (8) Indian Views: 8.4.38.
 - (9) Indian Opinion: 2.11.34.
 - (10) Indian Views: 9.7.37.

(3) Algemene opmerkings.

(a) Hospitaal.

'n Hospitaal wat £5000 gekos het is in 1934 in Durban opgerig. ⁽¹⁾ In 1934 is daar nog gekla dat daar geen fasiliteite was vir die opleiding van Indiërverpleegsters en vroedvroue nie. Ook was daar geen meisies met vol-doende kwalifikasies om vir hierdie beroepe opgelei te word nie. ⁽²⁾ Aan hierdie behoeftes is gedeeltelik voor-sien met die opening van die St. Aidens hospitaal vroeg in 1936. Hier kan verpleegsters opgelei word. ⁽³⁾

In Transvaal is Indiër-afdelings by verskillende blanke hospitale opgerig. ⁽⁴⁾ 'n Ryk Indiër het ook aangebied om onder sekere voorwaardes 'n Indiër-afdeling by die Algemene Hospitaal te bou. ⁽⁵⁾

(b) Vereenigingslewe.

Indiërs is besonder bedrywig wat betref sosiale aktiwiteite. Hierdie feit word bewys deur die groot aantal verenigings, wat in baie opsigte verskil in hulle sfere, maar wat gerieflikheidshalwe onder die volgende hoofde saamgevat kan word.:-

(i) Godsdienste.

Verskillende verenigings bevorder die verskillende godsdienste. So het die Mohammedane hulle „Nizamia Muslim Society" ⁽⁶⁾ en die Hindoes hulle „Hindu Seva Samaj." ⁽⁷⁾

(ii) Diens aan die Gemeenskap.

Hierdie diens is in sommige gevalle gerig op die gemeenskap as 'n geheel, maar in baie gevalle word dit beperk tot armes en minderbevoorregtes en in sommige

-
- (1) Indian Opinion: 30.11.34.
 - (2) Race Relations; Des. 34-Jan.35.
 - (3) Race Relations; Feb. 36.
 - (4) Indian Opinion; 14.12.34.
 - (5) Race Relations; Febr. 36.
 - (6) Indian Views: 10.9.37.
 - (7) Indian Opinion: 2.3.34.

gevalle tot spesifieke groepe of streke. So bestaan daar 'n „South African Indian Congress“⁽¹⁾ Natal en Transvaal het ook hulle eie kongresse. Verder is daar nog verenigings soos „The Colonial Born and Settlers-Indian Association“ en die „Manning Place Indian Land owners en residents Protective Association.“⁽²⁾

Die volgende verenigings gee spesiaal aandag aan die minderbevoorregtes: Die Johannesburgse „Indian Social Welfare Association“ verteenwoordig elf verskillende verenigings.⁽³⁾ Hierdie vereniging het sy eie sosiale werkster aangestel.⁽⁴⁾ Die „Durban Child welfare Society“ is in 1927 gestig en die „Indian Social Service Committee“ is opgerig op 15.8.27. Laasgenoemde vereniging be-oog die volgende:-

- (a) Om vry medisyne aan die armes te verskaf.
- (b) Om skoon, gesonde lewenstoestande en beter behuising onder die Indiërs te bevorder en te propageer.
- (c) Om gevalle van armoede en vewaarlosing onder die Indiërs te ondersoek en om verligting te bring in noodgevalle.
- (d) Om saam te werk met ander liggame wat die welvaart van die Indiër-gemeenskap be-oog.⁽⁵⁾

Hierdie komitee versprei weekliks pamflette en gee 'n jaarverslag uit.⁽⁶⁾

Selfs vrouens het ook al hulle eie verenigings. So kry ons die „Indian Women's social centre“⁽⁷⁾ en die „Durban Indian Women's reading Circle.“⁽⁸⁾

(iii) Sport.

Feitlik al die dorpe het reeds sportverenigings. So kry ons byvoorbeeld die „Durban and District Indian Athletic and Cycling Union“⁽⁹⁾ en die „Sullamia Cricket Club.“⁽¹⁰⁾

-
- (1) Indian Opinion 2.3.34. (9) Indian Opinion 9.3.34.
 - (2) Indian Opinion 13.4.34. (10) Indian Opinion 10.9.37.
 - (3) Indian Opinion 8.11.35.
 - (4) Indian Opinion 29.11.35.
 - (5) Indian Opinion 2.11.34.
 - (6) Brief Indian Social Service Committee; 4.12.36.
 - (7) Indian Opinion; 23.2.34.
 - (8) Indian Opinion; 6.12.35.

(c) Tydskrifte.

Die volgende tydskrifte dien vermeld te word:-

(i) „Indian Views:" Dit is 'n weekblad wat staan vir geregtigheid vir almal in Suid-Afrika. Dit word uitgegee te Greystraat 137, Durban.

(ii) „Indian Opinion": Hierdie blad is in 1903 deur Mahatma Gandhi in die lewe geroep. Dit verskyn elke Vrydag in Engels en Gujarati. Dit be-oog die politieke, morele en opvoedkundige opheffing van die Indiër-gemeenskap.

(iii) „The Crescent." Dit is 'n Mohammedaanse maandblad.

(iv) „The Leader." Dis 'n nuusblad vir die kwart miljoen Indiërs in Suid-Afrika.

(v) Ander tydskrifte waarin Indiërsake druk bespreek word:

(a) „Race Relations". Tydskrif van die S.A. Instituut van Rasseverhoudings.

(b) „The South African Outlook:" Dis 'n blad oor sending en rassesake.

(d) Die Indiër-Probleem.

Verskillende pogings is reeds aangewend om van die Indiërs ontslae te raak, soos byvoorbeeld repatriasie en kolonisasie. Baie Kommissies en wette het reeds probeer om die Indiër-probleem op te los. Van Indiër-kant word as moontlike oplossings aangegee:

(i) Die verwydering van die verbod wat hulle beperk tot die provinsies waarin hulle woon. (1)

(ii) Stemreg gebaseer op ontwikkeling. (2)

Die standpunt van die Reddingsdaadbond word soos volg in „Indian Views" rapporteer:

„We are quite prepared to let the Indians remain in South Africa and to live comfortably, only we positively object to their competing with European traders, to

(1) Indian Views; 14.8.36.

(2) Ali: Trend of Anti-Indian Legislation in S.A.-

live next door to our people and to employ our daughters as their humble servants." (1)

Die houding van Indië teenoor die Indiër-vraagstuk in S.A. word in die volgende woorde saamgevat: „You owe a debt to the Indian. You brought him to Natal to work for you, you used him and when you became prosperous you kept him down." (2)

Die verskillende groepe wat uit Indië gekom het, het nog nie 'n eenheid in Suid-Afrika geword nie. (3) Hulle het ook nog nie 'n gelyke peil van ontwikkeling bereik nie. Die Calcuttagroep byvoorbeeld met Hindi as taal, is baie agterlik, het geen vereniging of nuusblad nie en het in Suid-Afrika ook nog geen uitstaande figuur gelewer nie. (4)

In 'n pamflet getiteld: „Where no one knows, who can be wise?" pleit die Indiërs vir 'n deeglike ondersoek van die sosiale en ekonomiese lewe van die Suid-Afrikaanse Indiërs. (5) In 1940 is daar reeds met 'n dergelyke ondersoek begin onder leiding van Prof. H.R. Burrows-Hudson. Dit sluit in die lewenskoste, kulturele lewe, handels-lisensies, finansiering van Indiër-onderwys, Indiër-arbeid in Natal, melk-verbruik, skole, Indiërs in die landbou, behuising, fabriekswerk, die suiker-industrie, tegniese onderwys ... (6) Dr. Edgar H. Brookes bespreek die ekonomiese en politieke sy van die Indiër-vraagstuk volledig in sy „Political Future of South Africa."

4. SAMEVATTING.

Die Unie-regering het in 1913 'n nuwe Immigrasie-wet gepasseer, maar hierdie wet, die £3 verblyfbelasting en ander griewe van die Indiërs het Gandhi die stakings en

(1) Indian Opinion; 12.10.34.

(2) Indian Opinion; 1.2.35.

(3) Indian Opinion; 4.6.35.

(4) Indian Opinion; 7.12.34.

(5) Our Indian People-where no one knows who can be wise.

(6) S.A.: Institute of Race Relations; Annual report 1941;3.

Passiewe weerstandsbeweging op tou laat sit. Hierdie weerstand het vir die Indiërs die voordele gebring van die Tegemoetkomingswet en die Smuts-Gandhi ooreenkoms.

Op grond van die Immigrasie-wet is Indiërs tot ongewenste immigrante verklaar. Die enigste Indiërs wat nog toegelaat word is vrouens, kinders en 'n beperkte aantal geleerdes. Ook is die Indiërs wat hulle bewegings betref beperk tot die provinsie waarin hulle woonagtig is.

Kommissies van ondersoek, verdere wetgewings en voorgestelde wetgewings ontbreek egter nie en uiteindelik is die toevlug geneem tot tafelrondes en 'n Agent-generaal vir Indië om as tussen-persoon op te tree tussen die Indiërs en die Unie-regering.

Pogings is aangewend om deur repatriasie en kolonisasie die Indiërs te verminder. Aan die einde van hierdie periode was hierdie metodes ook uitgedien want meer as 80% van die Indiërs is reeds in Suid-Afrika gebore. Die meeste Indiërs het oorspronklik gekom van die provinsies Madras, Bengale en Bombaai.

Indussen was die getalle ^{aan daer} " " geboortes en die beperkte aantal wat nog jaarliks toegelaat word om die Unie binne te kom. Veral in Natal is die druk swaar. Daar was in 1936 reeds 219,691 Indiërs in die Unie. Hiervan was 183,661 in Natal en 25,493 in Transvaal.

Ook onder die Indiërs is die stadwaartse beweging baie duidelik. Waar in 1921 ongeveer twee-derdes op die platteland woonagtig was, was daar in 1936 slegs nog een-derde op die platteland. ⁽¹⁾ Daar was dan ook 'n kommissie nodig om die indringing van Indiërs in blanke buurtes te ondersoek.

Die Indiërs het aan die einde van hierdie periode reeds 'n permanente deel van die Suid-Afrikaanse bevolking geword.

(1) Race Relations: Second Term, 1940.